GIDS OOR WATERRANTSOENERING (VERMINDERDE WATERVOORSIENING)

Alle watergebruikers regoor die metro kan waterrantsoenering (verminderde watervoorsiening) verwag om Span Kaapstad deur hierdie droogte te help.

Laer watergebruik is 'n noodsaaklike ingryping om te sorg dat die Stad deur die komende somer kom. Met die hulp van die meeste van ons inwoners, asook ons programme vir waterdrukbestuur, lekkasiebestuur en die aanbring van waterbestuurstoestelle, het die waterverbruik aansienlik verlaag. Verder kritieke maatreëls, soos gevorderde waterdrukbestuur, moet verskerp word om te keer dat die dag aanbreek waarop ons krane leeg is. Ons moet nou alles in ons vermoë doen om dit te voorkom. Ons Stadspanne werk 24 uur per dag om met die hulp van al ons watergebruikers die water te spaar wat ons nog het. Terselfdertyd word alles moontlik gedoen om bykomende watervoorraad beskikbaar te stel.

HOE HELP WATERDRUKBESTUUR OM WATER TE SPAAR?

As ons die tempo waarteen water na ons watergebruikers se krane vloei, verminder, word minder water gebruik. As die waterdruk laer is, kom daar minder water in 'n gegewe tyd by die kraan uit wanneer die kraan oopgedraai word en so word watervermorsing beperk.

HOE KAN DIT MY EIENDOM RAAK?

Die Stad se waterverspreidingsnetwerk is as 'n deurlopende voorsieningstelsel ontwerp wat 24 uur per dag onder druk moet bly. Dit beteken dat die pype altyd met water gevul moet wees. Onder normale omstandighede voorsien die stelsel water teen 'n druk van tussen 2,4 en 9 bar.

Die Stad pas tans fase 1 van die rampplan vir kritieke watertekorte toe, wat gevorderde waterdrukbestuur noodsaak. Bedryfspersoneel het en gaan steeds voort om die waterdruk regoor die stad te verlaag, maar die voorneme is om die stelsel onder 'n druk van minstens 1 bar op die hoogste punt in die sone te hou.

Teoreties behoort almal wat op grondvlak woon, 'n watertoevoer by hulle meteraansluiting te hê. Hoë geboue en huise wat hoër as 10 m bo padvlak is, sal onbepaald geraak word tensy daar pompe op die eiendom is.

Wanneer baie gebruikers op dieselfde tyd water gebruik, is daar 'n spitsaanvraag. Dit gebeur wanneer baie mense omtrent dieselfde tyd soggens wasgoed was of gedurende die dag stort. Hierdie spitstyd (gewoonlik tussen 05:00 en 09:00 en tussen 17:00 en 21:00) trek baie uit die stelsel en skep 'n tydelike wateronderbreking. In hierdie geval behoort die stelsel te herstel sodra die aanvraag verminder wanneer die was- of storttyd verby is. Inwoners in hoërliggende gebiede se kanse om wateronderbrekings te ondervind, is hoër omdat hulle watervoorsiening afhang van hulle bure in laerliggende gebiede in dieselfde druksone.

Dis net soos om 'n emmer vol gate te probeer vol hou. Die onderste gate sal die hoogste druk hê en meer water laat uitloop as die gate hoër op in die emmer. Water sal aanvanklik by al die gate uitloop, maar soos die watervlak daal, sal daar al minder water by die gate hoër in die emmer uitloop tot die watervlak verby die boonste gate daal en geen water meer uitloop nie. As die gate onder in die emmer toegestop word, sal die water weer stadig tot bo styg.

DINK WATER
GEE MEER OM. SPAAR BAIE.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

Wanneer 'n drukbestuursone opgestel word, word dit op die gestelde druk gehou. Wateronderbrekings as gevolg van drukbestuur word nie beplan nie. Die onderbrekings en hoe lank dit duur hang af van die watergebruik van die gebruikers in daardie gebied. Omdat ons nie die gedrag van watergebruikers kan beheer nie, kan ons nie raai hoe lank dit sal neem voor 'n gebied sy watergebruik tot die vereiste hoeveelheid verminder nie. Gevolglik kan die Stad nie skedules voorsien nie.

Volg asseblief die Stad Kaapstad se kennisgewings op Twitter vir diensinligting op https://twitter.com/CityofCTAlerts. Die Stad sal so veel moontlik inligting beskikbaar stel wanneer drukbestuur in 'n gebied toegepas gaan word.

Hierdie stap is werklik noodsaaklik in ons pogings om die droogte met ons inwoners se hulp te bowe te kom.

RIGLYNE VIR WATERRANTSOENERING

DOEN DIE VOLGENDE:

- Hou net tussen 5 en 10 liter water om te drink vir die huishouding gedurende rantsoenering. As jy meer hou, word water nie gespaar nie.
- Hou ekstra water vir troeteldiere. Troeteldiereienaars moet hulle eie diskresie gebruik.
- Voor jy die Stad se inbelsentrum skakel wanneer daar nie water uit die kraan kom nie, maak asseblief eers by jou bure seker of hulle water op hulle eiendom het. Hoërliggende eiendomme in 'n sone of eiendomme wat hoër as 10 m bo die munisipale wateraansluiting op padvlak geleë is, se kanse vir 'n wateronderbreking is hoër. Inwoners op hierdie eiendomme word aangemoedig om te kyk of daar water by 'n kraan op die laagste punt op hulle eiendom is.
- As jy in 'n veelverdiepinggebou woon of werk, maak seker dat die watervoorsieningstelsel (versterkerpompe en dakstoorplek) in 'n werkende toestand is ooreenkomstig die Waterverordening (http://cct.gov.za/xAjse).
- Maak seker dat alle krane toegedraai is wanneer dit nie gebruik word nie om skade/oorstroming te verhoed as die watertoevoer herstel word. Die Stad is nie aanspreeklik vir enige uitwerking op of skade aan privaat infrastruktuur as gevolg van waterrantsoenering of verwante bedrywighede nie, ooreenkomstig die Waterverordening (http://cct.gov.za/xAjse).
- Wanneer die watertoevoer herstel is, kan die water melkerig lyk as gevolg van die uiterse drukvermindering. Moet asseblief nie hierdie eerste water mors nie. Stoor dit en gebruik dit om die toilet te spoel.
- Stoor noodsaaklike water op 'n koel, donker plek weg van lig en stof.
- Waterbottels moet geseël bly om kontaminasie te voorkom.
- Maak seker dat alle brandblussers in 'n wetlik werkende toestand is. Indien moontlik, skaf brandblussers aan of vul dié wat jy reeds het aan.

MOENIE:

- **Moenie** te veel munisipale water stoor nie.
- **Moenie** 'n druppel water mors as die watertoevoer herstel word nie. Hou enige melkerige water om die toilet mee te spoel.
- **Moenie** gryswater drink nie.

Let asseblief daarop dat waterbeperkings en watergebruiksteikens op kort kennisgewing kan verander om op krisissituasies te reageer.

Besoek www.capetown.gov.za/thinkwater vir meer inligting oor:

- Waterrantsoenering
- Hoe om lekkasies op jou eiendom op te spoor
- Hoe om water te bespaar
- Hoe om gryswater te gebruik
- Waterbestuurstoestelle
- Nog hulpbronne en die jongste inligting

Inwoners kan die Stad per e-pos kontak by water@capetown.gov.za of 'n SMS aan 31373 stuur vir alle waterverwante navrae.